HOËRSKOOL RANDBURG

**Algemene Oueromsendbrief nr. 02 van 2025**

3 Oktober 2025

Geagte Ouer/Voog

**Algemene Jaarvergadering van die ouers van Hoërskool Randburg**

Die vergadering vind AANLYN op **23 Oktober 2025** om **18:30** plaas. *Zoom* sal weer as platform gebruik word en die vergadering sal in die vorm van 'n webinaar aangebied word.

Ten einde 'n regmatige besluit te kan neem, word 'n kworum van stemgeregtigde ouers op die vergadering benodig. Ons versoek dus dringend u deelname ten einde die vergadering eenmalig te kan afhandel. Indien ons nie 'n kworum bereik nie, word die vergadering met twee weke uitgestel wanneer daar nie weer 'n kworum benodig word nie.

Om die *Zoom*-vergadering by te woon, moet ouers aanlyn registreer deur die volgende skakel te volg: https://bit.ly/HSRandburg_AJV_20251023_18h30

Ons versoek dat registrasie op **Maandag, 20 Oktober 2025** om **13:00** voltooi sal wees sodat ons inskrywings as synde regmatig stemgeregtigde ouers van ingeskrewe leerders kan kontroleer.

In 'n huis met twee stemgeregtigde ouers (bv. pa en ma) moet beide ouers afsonderlik op *Zoom* registreer en dan ook op afsonderlike toestelle die webinaar bywoon, ten einde twee afsonderlike stemme op ter sake resolusies te registreer, soos voorgehou gaan word.

Na registrasie en na kontrole deur die skool, sal ouers 'n e-pos met die webinaar se besonderhede ontvang. 'n Individuele skakel met die skool se naam word outomaties deur *Zoom* aan elke persoon wat geregistreer is, gestuur.

Indien 'n ouer/ voog nie binne 24 uur na registrasie enige korrespondensie (vanaf *Zoom*) ontvang nie, moet u asseblief in die *Spam/Junk mail folder* kyk, óf 'n e-pos aan algemeen@hsrandburg.co.za (mev. Jackie Krüger) stuur. Ons sal dan die spesifieke besonderhede direk aan die persoon stuur.

Ouers/voogde ontvang ook 'n uur voor die vergadering 'n herinnering wat wéér al die besonderhede vervat en kan op die dag vanaf 18:15 aanteken.


Finansiële state van 2024 is vanaf 13 tot 17 Oktober by die skool ter insae beskikbaar. Maak asseblief 'n afspraak om die state te besigtig. (Skakel die skool se ontvangskantoor.) Die notule van die 2024-jaarvergadering is ook vooraf, ter insae, by die skool beskikbaar.

Die verslag van die Hoof en Voorsitter van die Beheerliggaam sal per omsendbrief versprei word, aangesien dit konteks tot die begroting sal verleen wat op **23 Oktober** deur die tesourier van die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg aan u voorgehou sal word.

Tydens die webinaar sal vrae beantwoord word en sal resolusies vir stemming ter tafel gelê word.

Ons hoop opreg dat u, u weg sal oopsien om ons in die proses by te staan sodat ons met die eerste kontaksessie wél 'n verteenwoordigende kworum van ons ouers as bywoners van ons webinaar aangeteken het (ons benodig 15% van ons ouers).

Vriendelike groete,



**P. BOOYSEN**
**HOOF**